



Karkasse word volgens die vetheid, bouvorm en gewig beoordeel.

Gehalte gee die deurslag in **KARKAS- KOMPETISIE**

LUBBE JACOBS,
voedingkundige en senior Suid-
Afrikaanse
Vetvee-beoordelaarsvereniging
(SAFJA)-beoordelaar

Met vergunning: Veeplaas, Desember 2018

Die Suid-Afrikaanse Vleisindustrie Maatskappy ("South African Meat Industry Company"/ SAMIC) se karkaskompetisie is al sinoniem met die vleisbeesbedryf in Suid-Afrika. Verskeie slagskompetisies vind jaarliks regoor Suid-Afrika plaas. Duisende kalwers van hoogstaande gehalte word deur kommersiële en opkomende boere vertoon, wat 'n duidelike aanduiding van boere se trots is.

Om egter die regte kalf, op presies die regte dag, so gevoer te hê dat dit binne die kriteria van die SAMIC-ri glyne val, is nie maklik nie. Die puntestelsel van die kompetisie word as volg saamgestel:

- Vetheid: 75
- Bouvorm: 20
- Gewig: 5

Wat duidelik uit bogenoemde is, is dat hoë gehalte kalwers, met 'n goeie bouvorm en vetheid, die sleutel tot sukses is. Die kriteria is so saamgestel dat dit die eindverbruiker van vleis se voorkeure weerspieël.

PRESTASIE AAN DIE HAK

Die gehalte van die kalf speel verreweg die grootste rol. Kalwers wat goed presteer aan die hak, is kalwers wat reeds van vroeg af die beste bouvorm vertoon. Die kalf moet goeie breedte in die borsvloer en regoor sy lyf hê, asook goed gevul wees agter die blad. Goeie sprong van rib is nog 'n vereiste, want dit gee die kalf goeie kapasiteit en verseker dat hy goeie bespiering op die rug het. Die lengte van lyf speel 'n baie belangrike rol: hoe langer die lyf, hoe meer duur snitte is vir die slagter beskikbaar.

Die kalf se agterkwart moet 'n goeie lengte van heup- tot sitbeen hê. Die afstand tussen die sitbene moet wyd wees. Dit verseker dat die kalf goeie breedte in sy agterkwart het. Die kalf moet goed gevul wees in sy binnedye en moet goeie buitedye hê. Die binne- en buitedye moet laag af kom.

Hoewel die gehalte van die kalf die grootste rol speel in die sukses van 'n karkaskompetisie, is die voer wat gebruik word uiters belangrik. Die voer verseker dat die kalf teen die regte vetheidsgraad uitslag en die nodige kilogramme groei om in die gewigskategorieë te val.

SPIERGROEI EN VETNEERLEGGING

Die gehalte van die grondstowwe van die rantsoen wat gebruik word, is van kardinale belang omdat dit 'n uitwerking op die spiergroei en vetneerlegging het. Indien die rantsoen nie korrek gebalanseer

is nie, kan dit veroorsaak dat die kalf nie goed uitgroei nie en dat die vetneerlegging gelokaliseer is. Dit veroorsaak dat die kalf tydens die metings nie die regte vetverhouding het nie.

Om die beste resultate te verkry, moet die verskillende voedingstowwe in die rantsoen in balans wees, om te verseker dat al die liggaamsfunksies optimaal funksioneer.

Proteïene is belangrik in bykans elke aspek van diere se liggaamsfunksies en in die geval van karkaskompetisies, is dit veral belangrik vir spierbou om 'n goeie karkas te verkry. Proteïene kan in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik stikstofgebaseerde proteïene en natuurlike proteïene.

STIKSTOFGEBASEERDE PROTEÏENE

Stikstofgebaseerde proteïene is dié deel van die proteïene wat heeltemal afgebreek word in die rumen. Dit is noodsaaklik om die deel van die rumenbakterieë wat noodsaaklik is vir veselvertering te voed. Dié bakterieë is ten volle van stikstof afhanklik vir hul werking.

Aangesien nie soveel ruvoer in die afrondingsrantsoene vir karkaskompetisies ingesluit word soos by onderhoudsrantsoene of diere wat op droë weidings loop nie, is die insluiting van stikstofgebaseerde proteïene nie so hoog nie.

Elke grondstof wat proteïene bevat, het 'n gedeelte stikstofproteïene en 'n gedeelte natuurlike proteïene. Die enigste produk wat slegs stikstofproteïene het, is ureum. Daarom word 'n gedeelte ureum by die rantsoen ingesluit. Die vlakke is egter laag en slegs sowat 0.5 tot 0.8% van die totale rantsoen.

NATUURLIKE OF VERBYVLOEI PROTEÏENE

Natuurlike proteïene staan in die volksmond bekend as verbyvloei proteïene. Dié benaming kom van die feit dat die proteïene nie in die rumen opgeneem word nie, maar deur die rumen vloei en in die laer spysverteringstelsel en meer spesifiek die dunderm, opgeneem word. Al die voedingstowwe wat 'n herkouer vir produksie benodig, word in die laer spysverteringstelsel opgeneem.

Natuurlike proteïene is van verskillende oliekoeke met verskillende verbyvloei fraksies afkomstig. Die algemeenste oliekoeke is katoen-, sonneblom-, soja- en kanola-oliekoek. Hoe hoër die verbyvloei fraksie, hoe beter is die reaksie ten opsigte van spierbou. Die insluitingsvlakke van natuurlike proteïenebronne wissel tussen 5 en 25% van die totale rantsoen.

Om die optimale reaksie te kry, moet die verhouding tussen die stikstofgebaseerde proteïene en natuurlike proteïene korrek wees.

ENERGIE IN RANTSOENE

Die energiefraksie van die rantsoen is baie belangrik vir groei en vetneerlegging. Energiebronne wat algemeen in Suid-Afrika gebruik word, is mielies, "hominy chop", melasse, koringsemels, kleingrane, verskeie byprodukte van die mieliemaalproses en sekere vrugte-aftreksels. Die algemeenste bronne is mielies, "hominy chop" en melasse.

Die energiebronne het elk hul eie unieke samestelling en dit moet so aangewend word dat dit tot voordeel van die diere op die rantsoen is. Mielies is hoog in stysel. "Hominy chop" is hoog in vet en het ook stysel. Melasse het weer vinnig beskikbare suiker, wat goed werk saam met die ureum in die rantsoen.

Dit is belangrik dat die energie in die rantsoen nie te hoog is met die aanpassing van diere in die voerkraal nie. Dit kan 'n negatiewe uitwerking op hul groei hê. Die algemeenste probleem wat met te hoë energievlakke tydens aanpassing voorkom, is dat die rumen beskadig kan word (suurpens of asidose). As die rumen beskadig is (rumenbrand), is die opname van voedingstowwe op die spesifieke plek baie swak.

Die ideaal is om soveel as moontlik energiebronne by die rantsoen in te sluit, sodat die verskillende verteringstempo's van die bronne optimaal benut word. Al die energiebronne saam vorm tussen 60 en 80% van die totale rantsoen.

BELANGRIKHEID VAN VESEL

Vesel, wat beter bekend is as ruvoer, word in afrondingsrantsoene gebruik om die rumen te stabiliseer. Aangesien die diere gevoer word om oor 'n kort tydperk vet te word, word hoë vlakke van ruvoer nie gebruik nie. Grondstowwe soos koringstrooi, mieliereste, kuilvoer en grashooi word die algemeenste gebruik.

Die lengte van die vesel is baie belangrik. Indien die vesel te kort is, is die werking nie na wense nie en is daar 'n moontlikheid dat die rumen beskadig kan word, as gevolg van suurpens of asidose. Indien die veselfraksie te lank is, is dit nadelig vir die rumen. Die rede hiervoor is dat die diere dan die fyner deeltjies, wat die energie- en proteïenbronne is, uitsoek en nie genoeg vesel inneem nie. Die optimale lengte van die veselfraksie is tussen 10 mm en 25 mm.

Kuilvoer is 'n ruvoerbron, maar het ook 'n energiewaarde. Dus is die formulering met kuilvoer effens anders as met droë ruvoere. Kuilvoer kan maklik muf, as gevolg van die hoë vog en dit kan 'n groot uitwerking hê op die inname en produksie van diere. Droë ruvoere word teen tussen 8% en 14% by die volledige rantsoen ingesluit. Kuilvoer word teen tussen 25% en 38% ingesluit.

Vir meer inligting, skakel Lubbe Jacobs by 082 610 7491 of stuur 'n e-pos aan lubbejacobs@vharts.co.za.



Hoë-gehalte kalwers met 'n goeie bouvorm en vetheid is die sleutel tot sukses in karkaskompetisies



Kalwers wat in 'n voerkraal afgerond word, se rantsoene moet korrek gebalanseer wees vir spiergroei en vetneerlegging